

PRODUKSIEKOSTE

VERBRUIKERS BETAAL MEER, BOERE KRY MINDER

VEEBOERDERY is nie meer so winsgewend as wat mense dink nie. Dít is die bevinding van 'n studie wat onder leiding van prof. Johan Willemsse deur die Universiteit van die Vrystaat onderneem is.

Daar is ook geen ruimte vir verdere verhogings in produksiekoste of selfs belasting nie. Dit sal ongetwyfeld tot 'n styging in produsentepryse lei.

Veeboerdery het oor die afgelope paar jaar moeiliker geraak weens die feit dat boere prysnimmers is en relatief min beheer oor produsentepryse of produksiekoste het. Boere is aan die genade van makro- en mikro-ekonomiese faktore, asook politieke invloede oorgelaat.

Aangesien die meeste vleis in ekstensiewe toestande geproduseer word, moet boere hulself by die beskikbare natuurlike toestande aanpas. Dit beteken daar is dele in Suid-Afrika waar slegs spesifieke produksiestelsels kan werk en daar is 'n koste aan elk- een verbonde.

WINSGEWENDHEID

Volgens die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye is die bruto plaasinkomste vir alle landbouprodukte in 2013 op R178 050 miljoen bereken, waarvan R83 637 miljoen van diereprodukte afkomstig is. Die veebedryf speel dus 'n belangrike rol in die inkomste wat deur die totale landbou verdien word, naamlik meer as 45%.

Produkpryse en -hoeveelhede is die grootste dryfkragte vir die veebedryf se inkomstestrukture. Veepryse word voortgestu deur vraag, aanbod en natuurlike mark-siklusse. Die prys van beesvleis het teen die einde van 2014 redelik gestyg, terwyl die prys van lamsvleis ook nie soveel geraak is deur die seisoenale neiging van pryse nie.

Die koste-uiteensetting van bees- en skaapvlase in Suid-Afrika kan verdeel word in vaste en veranderlike koste. Vaste koste is dit wat van dag tot dag op die plaas aangegaan word en waaroor die boer nie veel beheer het nie. Veranderlike koste is al die uitgawes wat nie 'n deurlopende uitgawe in die boerdery is nie. Dit kan 'n invloed hê op die boerdery se uitset. Dit sluit in aanvullende voer, dieremedisyne en veeartsrekenings. Dit kan produksie verhoog, maar daar is 'n ekonomiese optimum. Op 'n tipiese beesplaas is veranderlike koste en arbeid die grootste uitgawes.

Op die meeste plase is veranderlike koste, soos veevoer en die koste van energiebronne, ook die vernaamste uitgawes.

Duur elektrisiteit en brandstof kan ook lei tot 'n verhoging in die prys van veevoer en veegesondheidsprodukte.

VERANDERINGE IN PRODUKSIEKOSTE

Produksiekoste het 'n beduidende invloed op die landbou. Volgens die Nasionale Landbouoeweringsraad het die produsenteprysindeks vir veeprodukte vanaf 2010 as 'n basislynindeks tot in verlede jaar met 35,3% gestyg. Die gemiddelde styging van landbouprodukte in die produsenteprysindeks was 22%. Dit beteken dat dit 22% duurder vir boere in die veebedryf is om hul produkte te produseer. Dit dui ook op 'n 22%-styging in veeboere se produksiekoste.

Faktore, soos hoë elektrisiteits-tariewe en brandstofpryse, kan ook lei tot 'n verhoging in die prys van veevoer en veegesondheidsprodukte. Elektrisiteitstariewe het van 2008 tot verlede jaar met gemiddeld 22% gestyg. Voermeulens se tariewe het gestyg om by die hoër elektrisiteitstariewe aan te pas, met die gevolg dat boere meer vir voer moet betaal. Voerkoste as 'n persentasie van die totale veranderlike koste was van 2008 tot 2010 op 'n driejaargemiddelde grondslag onderskeidelik 53%, 64% en 62% vir wolskape, vleisskape en beesvleisproduksie. Die koste van dieregesondheidsprodukte in dieselfde periode was 18% vir wol- en skaapproduksie en 20% vir beesvleisproduksie. Die ander uitgawes bestaan uit vervoerkoste, bemarkingskoste en ander oorhoofse koste.

Die minimum lone wat deur die Departement van Arbeid vasgestel is, het ook 'n beduidende uitwerking op boere se produksiekoste. Die minimum loon in 2014 was 202,7% hoër as in 2003, wat beteken dat die minimum loon oor dié tydperk met 202,7% gestyg het.

Suid-Afrikaners word deur internasionale pryse van kommoditeite beïnvloed en ook in groot mate deur die wisselkoerse tussen lande. Die belangrikste dryfkragte wat die Suid-Afrikaanse boer beïnvloed, spesifiek die veeboer, is die koste van energie en van veevoer. Aangesien Suid-Afrika 'n netto invoerder van bees- en skaapvlase is, is die vleismark ook afhanklik van die veranderinge in die wisselkoerse tussen lande.

DIE KOSTEKNYPTANG

Koste begin knyp wanneer die produksiekoste vinniger styg as produsentepryse. Kortliks beteken dit dat die ruimte wat 'n boer het om 'n wins te toon, kleiner en kleiner raak namate produksiekoste styg en uitsette dieselfde bly.

Die oorkoepelende prys vir beesvleis was baie klein, met 'n styging van 3,5% in karkaspryse van 2011 tot 2014 en 'n 0%-beweging in die pryse van speenkalwers. Dieselfde scenario word in die skaapbedryf gesien. Daar was van 2011 tot 2014 'n 1,5%-styging in die produsentepryse van geslagte lam (A2/3) en 'n daling van 0,25% in die pryse van speenlammers.

Daar kan duidelik gesien word hoe produksiekoste met verloop van tyd gestyg het.

Die kosteknyptang is 'n goeie voorbeeld van die feit dat produsentepryse relatief dieselfde gebly het, maar dat daar 'n groot styging in die produksiekoste was.

RPO-VERGADERING

DROOGTE HOOG OP RAAD SE SAKELYS

DIE droogte in Suid-Afrika was een van die belangrikste sake wat op die pas afgelope vergadering van die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie se uitvoerende raad bespreek is.

Die uitvoerende raad het op die

vergadering besluit om met behulp van die Universiteit van die Vrystaat 'n dringende opname te maak oor die droogte se impak op die rooivleisbedryf.

Dit volg nadat daar 'n groot behoefte by landboubesighede,

bedryfsorganisasies en die georganiseerde landbou geïdentifiseer is om die droogte se impak te bepaal. Die opname sal by wyse van 'n telefoniese vraelys geskied en lede word versoek om hul samewerking te gee as hulle geskakel word.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 349 1102.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.